
# Nuusbrief 6 — 23 April 2026

## SPORTUITSLAE


Druk op die skakel vir die sportuitslae



## VAKANSIEDAE



Neem asseblief kennis dat die skool volgende week gesluit is:
Maandag 27 April: Vryheidsdag
Dinsdag 28 April: Skoolvakansiedag
Woensdag 29 April: Skoolvakansiedag
Donderdag 30 April: Skoolvakansiedag
Vrydag 1 Mei: Werkersdag



## ARTSTRAVAGANZA

Ons jaarlikse ARTStravaganza sal later hierdie kwartaal plaasvind. Dit is ons skoolgebaseerde eisteddfod. Ons moedig massadeelname aan hierdie verskeie kulturele aktiwiteite aan. Maak asseblief seker dat u kind goed voorberei is vir elke item waarvoor hulle ingeskryf het. Inskrywings open Maandag 4 Mei. Inskrywings moet via die ouerportaal op Ed-Admin toep gedoen word. Ons sien uit na drie weke in Junie waar die skool uit sy nate met opwindende kultuuritems sal bars.

## FOTODAG

Individuele foto's vir die **graad 4- tot 7-leerders** sal op **Woensdag 6 Mei** geneem word. Die **graad 1-tot 3-leerders** se individuele foto's sal op **Maandag 11 Mei** geneem word. Leerders moet op hierdie onderskeie dae volle formele wintersdrag dra (geen sweetpakke nie).



## AFRIKAANS SPELTOETS

Speltoets 6 van 6 Mei sal nou op Donderdag 7 Mei geskied vanweë die fotodag wat op 6 Mei plaasvind.



## SKOOLUNIFORM

Die leerders mag kies of hulle winters- of somersdrag vanaf 14 April wil dra. Let wel dat 'n leerder volledige somersdrag of volledige wintersdrag moet dra. Winters- en somersdrag mag dus nie gemeng word nie. Die amptelike datum waarop ons na wintersdrag oorskakel, is Maandag 4 Mei.

Die korrekte proses is afgehandel en die Skoleraad het besluit dat leerders tydens die wintertydperk sweetpakke mag dra. Neem kennis dat sweetpakke met die baadjie toegerits gedra moet word. Maandae en ander dae wat ons saalopening of prysuitdeling, ens. het, sal daar van leerders verwag word om formele wintersdrag te dra – geen sweetpakke mag op hierdie dae gedra word nie. Leerders mag van Dinsdag tot Vrydag tussen formele wintersdrag of sweetpakke kies.

Die amptelike datum wanneer ons weer oorskakel na somersdrag, sal in die derde kwartaal gekommunikeer word.

## DATUMS

Dit is weer daardie tyd van die jaar waar ons die betowering van stories vier! Hier is twee opwindende datums vir julle dagboeke:

**WÊRELDBOEKEDAG: 23 APRIL**
Wêreldboekedag vind vanjaar op 23 April plaas. By LMCP glo ons vas dat "lesers leiers is" en daarom gaan ons ons leerders weer inspireer met spesiale voorlesings wat regdeur die dag in die mediasentrum sal plaasvind. Dit is 'n heerlike geleentheid vir die kinders om in nuwe wêrelde in te loer en die pret van lees eerstehands te ervaar.

**KARAKTERDAG: 25 JUNIE**
Om 'n besige tweede kwartaal op 'n hoë noot af te sluit, hou ons op 25 Junie ons jaarlikse Karakterdag! Ons moedig alle leerders aan om op hierdie dag skool toe te kom aangetrek soos hul gunsteling BOEK-karakter. Of dit nou 'n dapper held, 'n skelm seerower of 'n pragtige sprokiesfiguur is – ons kan nie wag om te sien hoe die stories op ons skoolgronde lewendig word nie!

Kom ons kweek saam 'n liefde vir lees.


## LANDLOOP

**Oefenskedule:**
Maandag, Dinsdag, Woensdag en Donderdag 14:00 tot 15:00 of 15:30 tot 16:30.
Woensdae is nie verpligtend nie.



## AFWESIGHEDE


**Baie belangrike inligting: afwesighede**



## GRAAD 8-INSKRYWINGS

Graad 8-inskrywings vir 2027 is vanaf 19 Januarie tot 28 April 2026 oop. Indien u kind by Midstream College gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen.
Besoek asseblief die Midstream College-webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm.

Vir enige toelatingsnavrae kontak me Anique van Zyl. (admissions@midstreamcollege.co.za)



## BORGSKAP GELEENTHEID VIR KLEIN- EN NIS BESIGHEDE

Ons is opgewonde om aan plaaslike klein en nis besighede 'n unieke geleentheid te bied, om by ons skoolgeleenthede deur die jaar betrokke te raak.

Ons eerste groot geleentheid waarby ons besighede wil betrek is Jol & Jive op 29 Mei.

Ons geleenthede bied aan elke onderneming ‘n gulde bemarkingsgeleentheid met wye blootstelling.

Ons wil graag met ondernemings en entrepreneurs hande vat om deur borgskappe die skool en gemeenskap op te bou. Elke borgskap bied aan u ‘n wye gehoor en blootstelling.

As u belangstel om deel te word van die wonderlike inisiatief en om 'n borgskap of bemarkingsgeleenthede te verken, kontak Yolandé van Heerden by yolandevh@lmcp.co.za.



# CLUBSTREAM




# TUCK IN



# JOL & JIVE

Maak gereed om weer jou skooldae te beleef!

Sluit by ons aan vir ons langverwagte jaarlikse Jol en Jive-dans vir ouers, terwyl ons ons skool se 20ste verjaarsdag met 'n prettige "Terug skool toe"-tema vier.
Stof daardie skoolherinneringe af, en maak gereed vir 'n onvergeetlike aand van musiek, lag en viering!

Kaartjieverkope open op 24 April – moenie dit misloop nie! (Volg sosiale media vir die skakel.)

